Hierdie pamflet word uitgegee deur die
'Christelike Netwerk Alliansie vir Gesondheidsorg'
bestaande uit die volgende organisasies:

Healthcare Christian Fellowship van Suid-Afrika poog om alle Christene werkende in gesondheidsorg te inspireer en toe te rus om Jesus Christus 'n werklikheid in daaglikse lewe en werk te maak. Hierdie visie kan saam met vennote en plaaslike kerke, wat die missiestelling en 'n doktrinêre geloofspunte van HCFI ondersteun, 'n werklikheid word.
HCF (SA), Posbus 11220, Rynfield 1514
Tel: 011 969 6751 E-pos: hcf@lantic.net
Faks: 086 723 7425

Die Christen Geneeskundige Bond van SA getuig al vir meer as 50 jaar vir Christus. Hulle moedig gesondheidsorg werkers aan om Christus in hulle daaglikse werk te eer en te verheerlik, deur geloof en diens te verenig. Deur gesamentlike bestudering van die Woord, gebed en gemeenskap word lede in hulle werkplekke versterk en bemoedig.
CMF van SA Posbus 5198, Tygervallei 7536
Tel: 021 9495199 E-pos: office@cmf.org.za
www.cmf.org.za Faks: 086 670 1849

HospiVision bied dienste aan soos berading, geestelikesorg en fisiese ondersteuning aan pasiënte, families en gesondheidswerkers. Dit sluit in: 24-uur trauma berading, versorging van wees- en kwesbare kinders, asook ondersteuning vir mense wat met HIV en VIGS moet saamleef. Deur 'n toegewyde span van voltydse personeel en vrywilligers raak HospiVision lewens aan en bring hulle hoop in gesondheidsorg. Geakkrediteerde opleiding word voorsien aan leke en professionele beraders en gesondheidsorg werkers.
HospiVision Posbus 12423, Queenswood 0121 Tel / Faks: 012 329 9492. Tel: 012 329 4420
E-pos friend@hospivision.org.za
www.hospivision.org.za

Instituut vir Christelike Sielkunde beoog om mense toe te rus om ander te help. Baie kursusse is uitgewerk om mense te leer om ander te beraad op beide leke en professionele vlak. Christelike sielkunde is 'n holistiese benadering wat klem lê op die wetenskaplike studie van menslike gedrag op 'n intra-psigologiese, inter-persoonlike, sosio-ekonomiese en geestelike vlak.
ICP, Posbus 15040, Lambton 1414.
Tel: 011 021 8930 E-pos: studentadmin@icp.org.za
www.icp.org.za

Privaat Hospitale
Tel: 012 998 8964 E-pos: graypractice@global.co.za

Community Health Evangelism
Mnr Kevin Pippert
Tel: 076 053 3174
E-pos: kevin@360.org.za
Ds Samuel Kim
Cell: 072 2375 995
E-pos: dosakv@gmail.com

Unashamedly Ethical neem 'n standpunt in vir etiese gedrag, waardes en skoon lewe.
Elizabeth Myburgh
elizabethd@wholeness-ministry.co.za
Dr Ellenore Meyer
012 379 3453 Cell: 083 625 3755
ellenoremeyer@hotmail.com

Die Netwerk Alliansie beywer hulle vir 'n effektiewe Bybels-gebaseerde invloed in die gesondheidsorg van ons land, om sodoende ook 'n heilsame Christelike invloed op die mense van ons land uit te oefen.

Indien u iemand nodig het om op hierdie besondere dag in u kerk op te tree, kontak ons asseblief. Ons help graag!

GESONDHEIDSORG SONDAG
16 Oktober 2016

GESONDHEIDSORG GOD SE MANIER

Liewe vriende

In Genesis 1: 1-25 lees ons dat God die hemel en die aarde en alles daarin geskape het - en dit was goed. In v.26-31 skep God die mens na Sy beeld, en dit was baie goed! Die skepping was in 'n toestand van *shalom* of heelheid, vrede, gesondheid, of welstand.
Die mens het in harmonie met God, met homself, met mekaar, en met die res van die skepping gelewe.
Hierdie *shalom* of harmonie is 'n alles-insluitende beskrywing van gesondheid. Dit is "gesondheid in geheel", nie net beperk tot 'n fisiese of geestelike heelmaking nie, maar gesondheid wat elke aspek van die lewe raak.
Maar ...
In Genesis 3 breek hierdie *shalom* of heelheid. Die verbintenis tussen God en die mens, en die verhouding tussen mense, word verbreek. Die mens verbrokkel en word siek in sy gees, verstand en liggaam, en sy rentmeesterskap oor die skepping teleurstellend en wreed.
Die wêreld beweeg van vrede, eenheid en perfekte gesondheid na 'n toestand van gebrokenheid, disharmonie en siekte.
Maar ...
Die goeie nuus, of Evangelie, is dat deur die lewe, bediening en soenoffer van Christus, onse Here Jesus die *shalom*, versoening met God, genesing van gebroke verhoudings, gebroke gees, verstand en siek liggaam wat verlore gegaan het in die sondeval, kom bied het. Hy het gekom om alles te herstel.
Kol 1: 19-20 God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.
Waar daar gebrokenheid of siekte is, bring die helende krag van Christus genesing en gesondheid.
Jesus self was die verpersoonliking van holistiese gesondheid. Lukas 2:52 vertel ons "Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem".
Vloeiende uit sy eie holistiese gesondheid was Jesus se "holistiese" bediening. Dwarsdeur die Evangelies sien ons Jesus verkondig en demonstreer hoe holistiese gesondheid en bediening lyk.
Mat 4:23 Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak.
Die goeie nuus van die koninkryk van God is nie net Jesus se herstel van harmonie en shalom aan die hele mens en die hele wêreld nie, maar ook dat dit Sy mandaat aan Sy volgelinge was. Hulle is uitgestuur met dieselfde holistiese genesing bediening.
Luk 9: 1-2 Toe Jesus sy twaalf dissipels saamgeroep het geroep en aan hulle mag en gesag uit te dryf al die duiwels en om siektes te genees, en Hy het hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak.
Luk 10: 1, 9 Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan... Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: 'Vir julle is die koninkryk van God baie naby!'
God gee 'n geïntegreerde en holistiese mandaat aan Sy mense vandag ook. Ons moet ander leer om alles wat ons Verlosser beveel het te gehoorsaam, nie net die "geestelike" dele verwyder van ander aspekte van ons lewens nie, maar alles wat hy ons geleer het. Dit sluit in:
Verstandelik (hoe ons dink) - word verander deur die vernuwing van julle denke, Rom 12: 1-2
Sosiaal (hoe ons met ander, gelowiges en ongelowiges, oor die weg kom) "julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet" Johannes 13: 34-35
Fisies 3 Johannes 2 "Ek hoop dat jy gesond is en dat dit in all opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan".
Terwyl ons elkeen 'n besondere fokus of gebied van kundigheid in genesing het, mag ons altyd die hele liggaam van Christus in gedagte hou, elke deel met sy spesifieke funksie om genesing, holistiese gesondheid en *shalom* tot stand te bring.

God se seën op hierdie Gesondheidsorg-Sondag!
Kevin Pippert
Community Health Evangelism

BID ASSEBLIEF VIR:

KERK EN GESONDHEIDSORG

Bid asseblief vir leiers en ander in jou plaaslike kerk wat 'n omgee-bediening uitoefen. Vra God hoe jy hulle kan aanmoedig en seën.

GESONDHEIDSORGPERSONEEL

Prys die Here vir almal wat omgee vir siekes, en onthou diegene onder druk weens 'n gebrek aan hulpbronne. Mag Christelike professionele verskaffers van gesondheidsorg baie geleenthede kry om die "Goeie Nuus" te deel met kollegas en pasiënte.

GESONDHEIDSORG REGULASIE

Bid vir diegene in gesag wat besluite rakende die gesondheid van ons nasie moet neem, veral ons President, die Nasionale Minister van Gesondheid, en die provinsiale LUR's van gesondheid en hul personeel. Bid vir gelykheid, dat reg en geregtigheid seëvier in gesondheidsorg en vir meer Christenleiers om die uitdagings van gesondheid regulasies te aanvaar.

GESONDHEIDKWESSIES

Onthou in gebed diegene wat geraak word deur die verskriklike plae in ons land - VIGS, TB, geweld, alkoholisme en dwelmmisbruik. Bid veral vir die kinders van Suid-Afrika.
Na afloop van die onlangse wêreld konferensie oor VIGS in Durban het dit duidelik geword dat wetenskaplikes slegs tegniese oplossings vir die groeiende VIGS-epidemie het. Bid dat Christene en kerke Bybelse waardes en riglyne vir 'n gesonde seksuele leefstyl na vore sal bring vir beide oud en jonk as 'n veilige en doeltreffende manier om nuwe MIV-infeksies te verminder

DIE HEILIGHEID VAN MENSLIKE LEWE

Bid vir God se leiding oor alle Christen organisasies en persone wat die heiligheid van menslike lewe bevorder. Bid vir toenemende eenheid en samewerking onderling, om elke nuwe uitdaging die hoof te bied. Bid dat die samelewing se opinies sal verander.